5. Vir manne wat die geestelike, emosionele en fisiese nood van elke lid van die gesin sal verstaan en sal weet hoe om elkeen van hulle vanuit die Woord van God en met die wysheid van die Heilige Gees te bedien.

10. Soek Sy aangesig vir die manne in ons land (2) (5 min)

1. Bid vir manne wat die tekens van die tyd sal verstaan en sal weet wat om te doen in hierdie tyd.
2. Vir manne wat God sal vrees meer as mense. Vir manne wat heilig sal leef en onverskrokke en wyse getuies van die evangelie sal wees, en elke vorm van sonde sal haat.
3. Bid vir manne wat elke dag voor God sal staan, sy stem sal hoor en in gehoorsaamheid en geloof volgens die Woord van God sal doen wat God vra.
4. Bid vir manne wat onder alle omstandighede hulle kruis sal opneem en God kompromieloos sal volg.
5. Bid vir manne gevul met die liefde van God wat in gebrokenheid en nederigheid voor God sal leef.
6. Vir manne wat nie God en Mammon sal probeer dien nie.
7. Bid vir manne wat hard sal werk, wat sal weet wanneer om te ontspan en genoeg tyd met hulle gesinne sal spandeer, manne vol humor, en wat sal weet hoe om God se goeie gawes te geniet.

11. Soek Sy aangesig vir die manne in ons land (3) (5 min)

1. Bid vir manne wat hulleself nie oorgee aan plesier, drank, vuil grappe, vuil taal, ooreet en vermorsing van geld nie.
2. Bid vir manne vol van die liefde van God, liefde en genade vir sondaars, sonder rasse haat – en wat weet dat hulleself medesondaars is wat self elke dag die genade van God nodig het om van te leef.
3. Vir manne wat God onwrikbaar sal volg te midde van vervolging, siekte, moeilike tyd, onbeantwoorde vrae in hulle eie gemoed, valse beskuldigings en wanneer hulle verontreg word, finansiële nood, teenstand van familie, ander Christene en kwaadwillige mense.
4. Bid vir manne wat in 'n diep intieme verhouding met God hulle Vader sal leef, sy liefde sal ken en so 'n verhouding ook vir ander begeer.
5. Bid vir manne wat vanuit geloof in die Woord van God leef, sonder vertroue in hulleself en hulle eie vermoëns, maar in volle vertroue in God en sy beloftes om 'n Ewige hulp in tye van nood te wees.
6. Bid vir manne vol van die Heilige Gees, wat leef in die krag en met die salwing van die Heilige Gees, wat hulle geestelike gawes uitleef en in wie se lewens die 9-voudige vrug van die Heilige Gees sigbaar is.
7. Vir manne wat met blymoedigheid en offervaardigheid hulle tiendes sal gee. Vir manne wat nie gierig is en liefhebbers van geld is nie, maar met wysheid en verantwoordelikheid met die geld sal werk wat God aan hulle toevertrou het.

12. Soek Sy aangesig met lofprysing en aanbidding

Sluit jou gebedstyd af met lofprysing en aanbidding. Dank die Here vir Sy goedheid. Seën mense wat in jou gedagtes opkom, in die Naam van die Here Jesus Christus.

Vir meer inligting, Kontak Jerigo Mure, info@jwipn.com, **tel.** 012 365 3213 **faks** 012 365 3214

Besoek gerus die volgende webtuistes vir meer gebedsinligting:

www.jwipn.com
www.24-7prayer.com
www.globaldayofprayer.com
www.global24-7.org

Manne wat Bid

Psalm 27:8

'n Praktiese gids oor hoe om vir een uur te waak en te bid

1. Soek Sy aangesig deur Sy Naam aan te roep (5 min)

Jahwe, die bron van alle standvastigheid en bemoediging (Rom.15:5), God van medelye, genadige God (Eks.34:6), El-Shaddai (die Algenoegsame; die Almagtige) (Gen.17:1), Jahwe-Jire (Die Here wat voorsien) (Gen.22:14), Jahwe-Rofeka (die Here wat jou gesondmaak) (Eks.15:26), Jahwe-Shalom (die Here gee rus/vrede) (Ps.35:27), Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe (Joh.14:6), Jesus die krag en die wysheid van God (1 Kor.1:24), Abba Vader (Gal.4:6), die Vader wat Hom ontferm (2 Kor.1:3), God van liefde en vrede (2 Kor.13:11), Here my toevlug (Ps.91:2), Hy wat groot oorwinnings gee (2 Sam.22:51), Jahweh-Shammah (Die Here is daar; Die Oorvloedige, Die Ewig teenwoordige Een (Eseg.48:35), Jou Skild (Gen.15:1), Muur van Vuur (Sag.2:5), My Krag (2 Sam.22:33), Rots om na toe te vlug (Ps.18:1), Bewaker van julle lewe (1 Pet.2:25), Die Hoof van elke man (1 Kor.11:3), Versoening vir ons sondes (1 Joh.2:2), Voleinder van ons geloof (Heb.12:2), die Lam wat vir ons geslag is (Op.5:12), die Gees van vrymaking, insig, raad en sterkte, kennis en eerbied vir die Here (Jes.11:2), die Gees van genade en smeking, heiligheid, liefde, waarheid, krag, selfbeheer, wysheid en openbaring van die kennis van God.

2. Soek Sy aangesig deur vir persoonlike herlewing te bid (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:

- Is daar onbelyde sonde in my lewe?
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my lewe?
- Is daar enige twyfelagtige praktyke of aktiwiteite in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
- Bely ek Jesus onbeskaamd?

3. Soek Sy aangesig namens ongeredde familie, vriende of individue (5 min)

1._____ **2.** _____

3._____ **4.**_____

5._____

Bid vir hulle redding, dat die Here hulle sal seën (geestelik, sosiaal en emosioneel), en bid vir hulle fisieke behoeftes.

4. Soek Sy aangesig sodat Sy heerlikheid deur die kerk sigbaar sal word (5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

En/of

Soek Sy aangesig namens die kerk (5 min)

- Dat gemeentes herstel sal word as huise van gebed vir al die nasies (Jes.56:7; Matt.21:13)
- Dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer – om die Evangelie aan alle nasies te bring (Matt.28:18-20)
- Dat gemeentes die Groot Gebod sal uitleef – dat hulle na hul gemeenskap op relevante wyse sal uitreik met dade wat getuig van liefde en meegevoel (Matt.22:37-40)
- Dat die Kerk Woord-getrou sal wees
- Vir die herstel van verhoudings binne gemeentes en ook tussen plaaslike gemeentes: verdeeldheid, trots, jaloesie, ens.

5. Soek Sy aangesig vir persoonlike behoeftes (5 min)

1._____

2._____

3._____

4._____

5._____

6. Soek Sy aangesig deur te waak en te luister (5 min)

Vra dat die Here nuwe dinge aan jou sal bekendmaak, dinge waarvan Hy wil hê jy bewus moet raak en op moet let. Vra dat Hy Sy wil en sy planne/strategieë aan jou sal bekendmaak. Vra Hom na die dinge wat op Sy hart is waarvoor Hy wil hê dat jy moet bid. Skryf neer (hou dagboek) wat jy van Hom hoor.

7. Soek Sy aangesig deur die Woord te bid (5 min)

Begin deur stelselmatig deur die Psalms te bid. Lees en bid elke keer deur 2-3 Psalms.

8. Soek Sy aangesig deur te bid vir deurbrake ten opsigte van die volgende sake landswyd (5 min)

1. Die MIV/VIGS pandemie en onsedelikheid, perversiteit en prostitusie
2. Die groeiende getal arm en behoeftige mense, onreg en skadelike optredes en dade
3. Korrupsie op alle vlakke, onheilige verbonde
4. Bloedvergieting, aborsie, selfmoorde en etniese geweld
5. Mishandeling en uitbuiting van vroue en kinders, molestering van vroue en kinders
6. Rassisme en rassehaat en etniese trots
7. Towery en afgodsdiens

9. Soek Sy aangesig vir die manne in ons land (1) (5 min)

1. Vra God vir manne met integritiet – in hulle huwelike en teenoor hulle kinders. Vir manne wat hulle beloftes aan hulle gesinne nakom, wat hulle gesinne met respek en liefde sal hanteer en hulle lewens vir hulle gesinne sal gee soos wat Christus sy lewe vir die gemeente gegee het. (Ef.5:25)
2. Bid vir manne wat in rein verhoudings met hulle eie vrouens sal leef en hierin geen kompromie sal maak nie. Vir manne wat hulle vrouens sal liefhê soos wat Christus die gemeente liefgehad het.
3. Dat manne hulle rol as priesters sal inneem – om in gebed vir hulle gesinne verantwoordelikheid te neem: vir hulle kinders en elkeen vir sy eie vrou.
4. Vir manne wat met die outoriteit wat God vir hulle gee, met die hart van diensknegte in hulle huise sal regeer, hulle gesinne versorg en beskerm.